Noord-Gauteng Stoei

Gauteng North Wrestling

Aan alle lede van die Uitvoerende Bestuur en Klubs

Hiermee die reëlings vir die **NGS Bulletjie-Stoeitoernooie van 2012** by die NGS saal. Die toernooi-aanbieding is volgens die Bulletjie stoeireëlings wat normaalweg geld.

1. **DATUMS**

   Vrydag 2 Maart 2012
   Vrydag 20 April 2012
   Vrydag 18 Mei 2012
   Vrydag 27 Julie 2012
   Vrydag 14 September 2012

   Let wel dat van die klubs in Noord-Gauteng Stoei soortgelyke toernooie aanbied. Ander toernooie maak ook vir bulletjies-stoeiers voorsiening, maar met `n ander formaat. Sien asb Kalender 2012. Klub versprei hulle eie inligting.

2. **TYD**
   17h45 vir 18h00. Spanindeling word on 18h00 gedoen. Toernooie duur normaalweg twee en half uur.

3. **DEELNAME**
   Geen stoeier met provinsiale kleure word toegelaat nie. Deelname is in ouderdom. Deelnemers word in spanne ingedeel met die aanvang van die toernooi.

4. **INSKRYWINGS GELDE**
   R25 per deelnemer, betaalbaar met registrasie by die toernooi. Die aangehegte registrasie vorm moet gebruik word om die stoeiers in te skryf. Dis noodsaalik om te kontroleer dat die name van die stoeiers korrek gespel is, ter wille van die sertifikate.

5. **DRAG**
   Minimum vereiste:
   - Klere: Normale stoeidrag of met ‘n sportbroek en ‘n styfpassende T-hemp
   - Skoene: Sportskoen sonder staalgespes
   - ‘n Rooi of blou band om die been word gedra vir kleur-identifikasie

6. **STOEI REëLS**
   - Volgens die NGS Bulletjie reëls
   - Spanne word saamgestel tydens die toernooi

7. **BEAMPTES** – (Minimum vereiste)
   Een provinsiaal of hoër gekwalifiseerde beampte per **klub met 1 ouer hulp vir elke agt deelnemers.** Klubs moet hulp beamptes (ouers) vooraf touwys maak ten opsigte van die Bulletjie stoeireëls.

8. **AFRIGTERS**
   Een geaffilieërde afrigter / spanbestuurder per klub met 1 hulp afrigter (ouer) as hulp vir elke 8 deelnemers.

9. **LOTING**
   Geen loting word gedoen nie. Deelname word op die mat gereël om ongeveer 3 wedstryde vir elke deelnemer te verseker.

10. **INWEEG**
    NVT

11. **INSKRYWING EN REGISTRASIE**
    - Klubs bevestig deelname aan Fanie Vermaak of Richelle Pieterse teen Donderdag (voor die toernooi).
    - Naamlyste met die korrekte inskrywingsgelde word voor 18h00 ingehandig.
    - ***Klubs se samewerking word versoek om die sukses van die toernooireëlings te verseker. Die volgende moet spesifiek op gelet word.***

      - ***Dat 'n spanbestuurder, afrigter en beamptes teenwoordig is. (Gebruik hierdie geleentheid tot voordeel van u klub om ouers te betrek vir leerlingbeamptes an ander funksies).***
      - ***Dat ouerhulp vir afrigters en beamptes vooraf aangewys word en opleiding ontvang tov die Bulletjiereëls. (Afskrif van die reels is aangeheg)***

12. **AANSPORING**
    NGS Bulletjie Deelnemer-sertifikate word aan die Klub gegee..

Fanie Vermaak en Richelle Pieterse
(fanie.vermaak@gmail.com) en (richellepieterse@absamail.co.za)
082 786 3377 0837116902

Bulletjie Koördineerders

NOORD-GAUTENG BULLETJIE STOEI TOERNOOI REGISTRASIE

KLUB: _____ DATUM: _____ SPAN AFRIGTER:_____

	NAAM	R25
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		
11		
12		
13		
14		
15		
16		
17		
18		
19		
20		
21		
22		
23		
24		
25		
	TOTAAL:	

BULLETJIE-STOEI
SAMEVATING VAN DIE REëLS

FILOSOFIE:

Die aanbieding van Bulletjie Stoei is daarop gerig om massadeelname, sonder enige vorm van prestasie-erkenning, te verseker. Reels vir beampte-optrede moedig toetrede van nuwe beamptes aan.

REëLS

Die volgende reëls is van toepassing:

1. Stoei vind plaas binne ‘n sirkel van 4 meter tot 7 meter.

   In staan-stoei sal stoei onderbreek word wanneer enige stoeier aan die buite sirkel raak en weer hervat word in die middel van die mat in die staan-stoei posisie.

   In mat-stoei, sal stoei onderbreek word wanneer die verdedigende stoeier se kop en skouers buite die sirkel is. Stoei sal weer hervat word in die middel van die mat in die staan-stoei posisie.

2. ‘n Wedstryd word beheer deur een skeidsregter. Die skeidsregter dra ‘n rooi bandjie om die linker pols en ‘n blou bandjie om die regter pols om die punte mee aan te wys. ‘n Telbord beampte teken die punte aan . Sy funksie is slegs om telling te hou.

   Breamptes se kleredrag is volgens die bepalings van die Provinsie. Beampte kwalifikasie is soos bepaal volgens die Provinsiale reels.

3. Die punte toekenning is soos volg:
   a. Die 1-punt – As die aanvallende stoeier agter sy opponent in beweeg, wanneer die opponent met vier kontakpunte aan die mat raak. (hande en knieë.
   b. Die 2-punt – Wanneer die aanvallende stoeier sy opponent se rug of skouers na die mat draai met ‘n hoek wat kleiner is as 90º. Dit kan geskied vanuit mat-stoei of direk vanaf staan-stoei.
   c. Die 3-punt – Wanneer ‘n val toegeken word. ‘n Val word toegeken wanneer die aanvallende stoeier sy opponent se skouers (beide skouers) vir een telling of langer op die mat hou. Na die toekenning van die val, word stoei voortgesit in die middel van die mat in die staan-stoei posisie.

4. Indien daar vir 5 tellings geen aktiewe stoei plaasvind in mat-stoei nie, sal die skeidsregter stoei onderbreek en weer voort sit in die middel van die mat in die staan-stoei posisie.

5. Die skeidsregter moet toesien dat geen wurgaksies, hoë gooi grepe of enige ander grepe toegepas word, wat moontlik beserings kan veroorsaak nie. Indien wel sal hy stoei onmiddellik onderbreek en die oortreder aanspreek en verduidelik. Stoei sal weer voortgesit word in die middel van die mat in die staan-stoei posisie.

6. ‘n Wedstryd word gestoei in twee-minute rondtes, indien meer as een wedstryd gelyktydig plaasvind word die tyd van rondtes gesamentlik geneem. Die begin en einde van rondtes word d.m.v. ‘n klok of sirene beheer. ‘n Tydperk van 30 sekondes word toegelaat tussen rondtes om geleentheid te gee om deelnemers te ruil. Die maksimum hoeveelheid rondtes per wedstryd is 8.

7. Twee spanne met ‘n maksimum van 8 deelnemers per span ding mee in ‘n wedstryd.

8. Die telbord beampte sal die punte vir die totale wedstryd op die telbord aandui. Punte per rondte word dus nie afsonderlik getoon nie.

9. Indien een span minder as 8 deelnemers het, mag die afrigter van sy stoeiers twee keer laat deelneem om agt rondtes te verseker. ‘n Stoeier mag egter nie in meer as twee rondtes van ‘n wedstryd deelneem nie.

10. Stoeiers neem deel in gewigs / lengte plasing per ouderdom soos wat geld vir die bepaalde tornooi. Die skeidsregter is verantwoordelik om toe te sien dat ooglopende gewigsverskille tussen deelnemers nie toegelaat word nie.

11. Die volgende beginsels sal altyd geld:
    a. Massa-deelname in spanverband
    b. Genot
    c. Wen of verloor in nie van belang nie

12. Stoeidrag bestaan uit ‘n T-hemp, sport broekie en kaalvoet. ‘n Rooi en blou band soos van toepassing sal aan die linker enkel van die deelnemers gebind word.

13. Wedstryd bepalings / Loting, sal geskied volgens die reëls van die bepaalde toernooi.

14. Stoeiers met provinsiale kleure sal nie toegelaat word om op hierdie vlak deel te neem nie.